

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Januarie/Februarie 2014



Lees binne...

- 2014 en ons voornemens – 1
- Landsburgers in opstand – 3
- Materialisme en die materiële – 4
- Van verwond tot gesond – 7

Wat lê voor?

In hierdie uitgawe

- BI 1 2014 en ons voornemens (Ds Leon Geel)
- BI 2 **Van die redakteur, ds David Barnard**
Julle moet mekaar liefhê
- BI 3 **Aktuele sake**
Landsburgers in opstand (Dr Gafie van Wyk)
Die ADV en armoede
- BI 4 **Kerkwêreld**
Materialisme en die materiële (Dr Christo Pretorius)
Bybelillustreerder oorlede
- Ble 5-6 **Kerkwerf**
Drie predikante oorlede in Desember
50 jaar in die bediening
Tien nuwe proponente toegelaat
Pretoria-Noord reik uit na emeriti
Kilimandjaro uit vir Primrose
Vergaderings van die Kommissie van die AKV in 2014
Beroepe aanvaar
- BI 7 **Gespreksforum**
Van verwond tot gesond (Ds Stephen de Beer)
Dankie vir die vorige uitgawe (Roelf Raath)
NHSV hou kongres in 2014
Ampsjubileums in 2014
- Agterblad **Oordenking**
Maar die Woord sê... (Dr Ernest Marran)

Julle moet mekaar liefhê

Ds David Barnard skryf in sy redaksionele berig dat die Kerk oor die laaste jare opnuut by monde van ampsdraers en lidmate die behoefte uitgespreek het om doelgerig en effektief kerk in die wêreld te wees. Om die liefde van ons Here Jesus Christus in so 'n mate te laat grondvat in ons samelewing dat dit werklik 'n verskil in ander se lewens sal teweegbring. Ons missionale gerigtheid vra dat ons, waar ons onself ook al mag bevind, na geleenthede sal soek om 'n impak te maak. Ons het dikwels in die verlede betrokke geraak by instansies en individue wat besig was met barmhartigheid. Ongelukkig is daar steeds te veel mense wat persoonlike betrokkenheid ingeruil het vir amptelike betrokkenheid. Ons staan as't ware soms op die kantlyn en wag dat instellings en organisasies namens ons liefde aan ander betoon.

Die Kerk betree 'n nuwe era. Die afgelope paar jaar se binnenshuise stryd is hopelik iets van die verlede. Daar heers trouens tans groot opgewondenheid en optimisme oor die toekoms van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die Algemene Kerkvergadering van 2013 en daaruit voortspruitende werksessies dui op 'n rigting wat die liefdesgebod in 'n vars verpakking as grondslag het. Ons missionale nadenke blyk eerstens op God en daaruit voortspruitend op ons medemens gefokus te wees. Hierdie roeping kan immers nie grondvat sonder 'n diep gewortelde afhanklikheid van en geloof in God nie.

Aan die begin van 'n nuwe jaar maak mense graag nuwe voornemens. Voornemens het inderdaad met God se wil eerder as enigiets anders te make. Mag ons voornemens effektiewe dienswerk en grondige nadenke weerspieël in reaksie op God se wil en sy opdrag: *Julle moet mekaar liefhê*.

2014 en ons voornemens

Ds Leon Geel, skriba van die Kommissie van die AKV, vra of dit verkeerd is om jou voor te neem om anders te doen en op te tree as wat jy die vorige jaar gedoen het. Is dit oorbodig om mikpunte te stel wat jy wil bereik in jou persoonlike lewe of werkomgewing? Spreuke 16: 1 praat dan van voornemens! Alte seker ja! Ons mag ons voornemens hê en in 'n sekere sin moet ons ook! Daar kom net 'n baie belangrike en onmisbare verantwoordelikheid by. Ons moet seker maak ons lees die tweede gedeelte van die teksvers daarmee saam: ...*maar die laaste woord daarvoor kom van die Here af*. Spreuke 16: 3 voeg daaraan toe: *Laat wat jy doen, aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk.*

Hiermee word nie vir ons die geleentheid geskep om maar net ons voornemens te verwoord en daarmee saam te ver wag die Here moet dit laat gebeur nie. Dit verseker ook nie dat die voornemens wat ons het, sal en moet slaag nie! Ten gronde hiervan lê ons diepe afhanklikheid van God en die vaste wete dat ons tot niks goed in staat is nie behalwe deur God. Dit bring mee dat ons in alles Matteus 6: 33 se uitgangspunt sal nastreef: *Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.*

Hieraan moet ons ons voornemens meet: Is dit tot eer van God en tot opbou van die koninkryk van God? Is my voornemens daarop gemik om *in die voetspore van Christus* te dien en die wil van God te doen? Dit moet inderdaad neerslag vind in ons persoonlike lewe en verhoudings met ons geliefdes. Ons moet ook ons nuwejaarsvoornemens op iedere dag se lewe van toepassing maak.

Maar veel meer as nuwejaarsvoornemens, kom ons maak elkeen van 2014 'n jaar van toegewyd lewe vir en voor God. Kom ons leef sonder voorwaardes met volle oorgawe aan God. Kom ons elkeen dien sonder voorbehoud, dat geen beperkings ons dienswerk uit dankbaarheid inperk nie. Laat ons as Kerk en elke gemeente waarlik wees dit waartoe God ons geroep het: *Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid* (1 Tim 3: 15b).

Landsburgers in opstand

Dr Gafie van Wyk skryf oor die kwessies van nasionale belang wat alle Suid-Afrikaners se lewenskwaliteit die afgelope jaar op die een of ander manier geraak het. Die plaaslike geldeenheid het toenemend koopkrag verloor. Diensleweringsbetogings het meer as ooit tevore momentum gekry. Arbeidsonrus het die land se ekonomie groot skade berokken. Stakings tydens loononderhandelinge het eerder die reël geword as 'n laaste en uiterste uitweg om oënskynlik onoorkombare probleme op te los. Onrealistiese hoë looneise van werkers, wie se produktiwiteit dikwels sleg vergelyk met die res van die wêreld se arbeidsmag, hou direk verband met die buitensporige vergoedingspakkette van uitvoerende amptenare van groter maatskappye en sekere staatsinstellings. Die kloof tussen ryk en arm, saam met die gepaardgaande persepsie dat die middelklas besig is om te verarm, skep 'n klimaat vir revolusie en opstand.

'n Persepsie groei onder Suid-Afrikaners dat die huidige geslag burokrate hulle in die steek gelaat het. 'n Wolk van verdenking oor korrupsie, die misbruik van geld en mag, persoonlike verryking en dies meer hang nie net oor die kop van die land se staatspresident nie, maar ook oor dié van baie ander hooggeplaastes. Die vermoede dat geld en mag gebruik word om skandes toe te smeer en selfs met tye die regpleging te ondermyn, groei al sterker by baie mense. Vrese dat die vryheid van spraak en die vrye vloeï van inligting aan bande gelê word, wek onrus – veral by die goed ingeligtes.

Met 'n verkiesing wat vanjaar op hande is, moet die regerende party alreeds rekening hou met twee ander partye wat uit sy voormalige steunbasis ontstaan het. Sou die vakbonde hulle in die toekoms as 'n arbeidersparty organiseer, gaan die magsbalans in die Suid-Afrikaanse politiek ingrypend verander. 'n Kwellende vraag is egter of die deursnee Suid-Afrikaner nie al soveel vertrou in die demokrasie as sodanig verloor het dat politieke doeleindes voortaan buite die raamwerk van die demokratiese bestel nagestreef sal word nie. Baie mense glo byvoorbeeld nou reeds vas dat opstand en geweld hulle veel meer in die sak bring as om 'n kruisie by 'n stembus te trek.

As gelowiges moet ons onthou dat ons ons aan die owerhede se gesag moet onderwerp. Ons mag alleen weerstand teen die owerhede bied deur burgerlike ongehoorsaamheid in te span indien fundamentele onreg deur die owerhede gepleeg word tot dié mate dat geen moontlike herstel van die burgerlike orde meer moontlik is nie. Mag ons dan glad nie weerstand bied teen korrupte owerhede nie? Die weerstand van die gelowige teen onreg is altyd woordweerstand. Elke gelowige het 'n Christelike plig en 'n burgerlike verantwoordelikheid om nie alleen voorbedding te doen vir die owerhede nie, maar ook om profeties teenoor die owerhede te getuig, alle onreg oop te vlek en dit te veroordeel. Ons erken die mag van die keiser, maar ons lewe in gehoorsaamheid aan God! Onderdane en maghebbers behoort in gelyke mate aan God gehoorsaam te wees.

Materialisme en die materiële

Dr Christo Pretorius besin oor die gees van materialisme wat in die Weste aan die orde is. Kommentators soos die Ugandese skrywer Moses Isegawa glo dat die najaag van rykdom die enigste Westerse godsdiens geword het. Onsekerheid oor die toekoms en die gepaardgaande poging om beheer te kry word as dryfkrag vir materialisme, die najaag van rykdom en 'n ongebreidelde versameldrang beskou.

Om sekerheid in die materiële te soek, word in die Bybel afgewys wanneer Jesus Christus die ryk jongman ontmoet. En waarsku die Here nie tydens die ontmoeting dat daar nie sekuriteit in goed of geld is nie, en elders (Matt 6: 19-21) dat die hemelse nie deur die aardse verdring moet word nie; dat gewaak moet word teen die verafgoding van die stoflike?

Te midde van die uitwerking van die 2008 internasionale finansiële inploffing, 'n onbeheerbare skuldmas en die toenemende, soms revolusionêre, aandrang op die verdeling van grond, goed en rykdom, gaan die wêreld die nuwe jaar in. En die vrae en uitdagings wat die kerk, die ekonomiese en materiële stand in die gesig staar, is geweldig en vol emosie. Pogings om die vrae te beantwoord, klink onder meer in die ekonoom, Lans Bovenberg, se *Gesprek tussen Christelike tradisie en Neo-klassieke ekonomie*. Hierdie Nederlandse ekonoom verklaar hy is ryker as Bill Gates, want *...ek behoort aan Christus*.

Ander berigte

Daar is onder andere ook berigte oor die ADV se fokus in 2014 op armoede, die drie predikante van die Hervormde Kerk wat gedurende Desember oorlede is, die tien nuwe proponente wat tot die bediening toegelaat is, en die ring van Pretoria-Noord se uitreik na hul emerituspredikante.

Dr Ernest Marran se oordenking herinner ons daaraan dat mense dikwels sinne gebruik met 'n stelling as die aanvangsgedeelte, gevolg deur 'n *maar*, en dan nog 'n opmerking. Dit wat eintlik die waarheid is, word dan gewoonlik ná die *maar* gesê. Byvoorbeeld, ek sal jou vergewe, *maar*... Dan word 'n voorwaarde vir die vergifnis gestel, wat eintlik die vergifnis tot niet maak.

Lukas 4: 1-13 toon hoe die Here deur Satan versoek is. Die Here gebruik dieselfde tegniek as Hy Satan tydens die versoeking ten opsigte van voedsel, rykdom en mag tereg wys. Die groot waarheid wat ons hierdie jaar kan leef, is dat die Here elke keer ná die *maar* vir ons die waarheid uit die Woord leer. Hierdie waarheid lei ons om alles wat ons sê, doen en dink aan die rigsnoer van sy Woord en voorbeeld te meet.

Die gevolg hiervan in ons lewens is dat ons weet dat dit wat ons bely, die wete is dat God liefde is, sonder 'n *maar*, en dat sy Seun Jesus ons Verlosser is, sonder 'n *maar*, en dat die Heilige Gees ons vertrooster is wat ons lewe sin gee, sonder 'n *maar*. Daarom kan ons in die waarheid leef in vreugde, vrede, liefde en hoop, ook hierdie jaar. Deur die sekerheid van ons geloof kan ons die jaar aanpak met die vaste wete dat ons as verlose sondaars in God se Koninkryk ten volle kan lewe. Ons hou dan vas aan die Woord se belofte: *Ek is altyd by jou, sê die Here*.
